NG Kerk in Oos-Kaapland
RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

09.03

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	Ring van Port Elizabeth
Titel van Projek:	Anchor of Hope - Gemeenskapskool

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Anchor of Hope Community Development
Posadres:	Anchor of Hope (PE Sentraal) Edward Straat 1, Richmond Hill, Port Elizabeth
E-pos:	des@anchorofhope.org.za
Faks:	041 585 3700
Tel. (k):	041 585 3700
Tel (h):	n/a
Selfoon:	076 191 4832

	12/09/28
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____W Wait_____, in my hoedanigheid as ~~voorsitter~~ / skriba van die *Ring van Port Elizabeth* , dat hierdie projek op _____17 Oktober 2012_____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Doel

Om as gemeentes van die Ring van PE die Woord van die Here te bring aan die multi kulturele gemeenskap in Sentraal / Richmond Hill en omgewing deur gasvryheid te bewys aan die vreemdelinge (mense van ander tale, rasse, kulture en herkoms) deur hul in te nooi in die huisgesin van God / familie van Christus; die minderbevoorregtes te ondersteun met praktiese lewens- en tegniese vaardigde, opleiding en ondersteuningsdienste wat hul beter sal toerus om in hul eie basiese behoeftes en lewensmiddele te voorsien; en om gemarganaliseerdes te help om hul potensiaal in Christus te ontdek.

Agtergrond

'n Nie Winsgewende maatskappy is gestig en word bestuur deur 3 lede soos aangewys deur Anchor of Hope gemeente en 2 lede soos aangewys deur PE Ringsgemeentes. 'n Auditeur is aangestel en hulle is besig om die organisasie by SARS te registreer. 'n Aansoek vir NPO registrasie is ook ingedien. Daar is reeds met 2 van die programme begin. 'n Volledige verslag is aangeheg.

Die opgradering van die kerk het die implementering van die projekte redelik vertraag. Alles is egter nou gereed vir implementering

DIE PROJEK

Die projek is reeds van stapel gestuur fokus op die volgende

- Geletterdheidsklasse en ondersteuning skoling te verbeter
- Engelse Klasse aan anderstalige vreemdelinge
- Rekenaar klasse
- Praktiese hulp bv opstel van CVs, voorbereiding vir, onderhoude, ens.
- Inrigting van 'n gemeenskapsentrum (fotostate, fakse, internet dienste)
- Lewensvaardighede bv Fokusgroep besprekings met leerders om uit te vind hoe hul finansieel oorleef
- Hulp met die verkryging van motor bestuurs lisensie

1) Geletterdheidsklasse en ondersteuning skoling te verbeter

Die projek sal kosteloos geregistreer word by die onderwys department as privaat AET (Adult Education and Training) sentrum. Daar is 4 vlakke van AET opleiding. Grade R – 7 is ekwivalent aan vlak 1 – 3 en Graad 8 & 9 min of meer gelyk aan Vlak 4 .

Marinda Noeth wat in beheer is van die skool het die afgelope jaar omgesien na 2 studente en het met hulle "Home Schooling" gedoen.

AoHCD het 'n ooreenkoms gesluit met MediaWorks wat die skool van fasiliteerders handleidings, leerder boeke , rekenaar materiaal, opleiding van fasiliteerders , eksamen registrasie, ens hanteer. Marinda Noeth is in beheer van die skool. Sy en Bev Moore het reeds verskeie opleidingsessies by MediaWorks bygewoon, belangstellendes geasseseer en het begin op 1 September met die amptelike skoling.

Die volgende begroting is van toepassing

Opleiding van fasiliteerder 1 x 1 750	R 1 750
Fasiliteerders handboeke 4 x R 500	R 2 000
Media Works Assessering 15 x R35	R 525
Werkboeke vir 12 studente (Vlak 1 & 2 = 12 x R155)	R 1 860
Werkboeke vir 3 studente (Vlak 3 & 4 = 3 x R750)	R 2 250
Kwartaalikse monitering (4 x R375)	R 1 500
Registrasie as eksamenlokaal	R 715
IEB eksamen Registrasie vir 5 vlak 4 leerders (3 x R270)	R 810
	R11 410

Daar word beplan on 25 leerders op te lei maar vir die aansoek word slegs vir die kostes van 15 aansoek gedoen. Die res van die kostes sal deur ander donateurs gedek moet word.

2) Aanbied van Engelse Klasse aan anderstalige vreemdelinge

Daar is heelwat persone uit Afrika en ander wereld dele wat graag wil leer Engels praat en dis as 'n behoefte bepaal by lidmate van Anchor of Hope.

Daar is tans 16 leerders in die Engelse Klasse. Die klasse word deur 3 fasiliteerders aangebied aangesien die groepe op verskillende vlakke is. Daar word beoog om ten minste nog 10 studente in 2013 te help om Engels te leer praat. Die fasiliteerder sal deur vrywilliges bygestaan word.

Minimale kostes word voorsien en daar word dus net **R1000** vir die aktiwiteit begroot wat hoofsaaklik kopieeringskostes sal dek.

3) Rekenaar klasse

Geakkrediteerde rekenaar klasse word aangebied deur Ds G Noeth. Beginners klasse fokus op Windows, Word, Excel en basies internet vaardighede. Die koste van die kursus beloop R1320 per persoon vir 4 modules.

Daar word beoog om 15 behoeftige persone toe te rus met rekenaar vaardighede wat hul 'n verbeterde kans sal gee om werk te bekom. Rekenaarklasse is ook beskikbaar vir gemeentelede van ringsgemeentes teen dieselfde tarief.

15 x R1320 = **R19 800**

4) Praktiese hulp

Praktiese hulp sal mbv vrywilligers aan voornemende werksoekers wat by een of ander program van die gemeente of AoHCD betrokke is verleen word met die volgende

- Opstel van CV's
- Aansoek en voorbereiding van onderhoude.
- Aansoeke vir ID dokumente.

'n Databank van vaardighede en kwalifikasies kan ook opgestel word wat aan gemeentes deurgestuur sal word sodat lidmate met besighede hierdie persone vir indiensneming kan oorweeg

Vrywilliges sal ook gewerf word om behulpsaam te wees met die HUB (internet dienste, faks, fotostaatgeriewe) wat beplan word.

5) Bemarking

AoHCD is tans vir alle aktiwiteite afhanklik van vrywilligers en donasies. Dit is dus belangrik om terugvoering te gee aan vrywilligers en donateurs.

Ander tipe bemarking sluit in die opsit van posters in die omgewing, druk van brosjure en 'n paar besigheidskaartjies. AoHCD wil ook graag 'n kennisgewingbord by die kerk opsit.

Ontbyt vir 25 persone x R50 per kop	R1 500
Plakkate, brosjure, besigheidskaartjies	R1 250
Kennisgewing bord by kerk	R2 500
Totaal	**R5 250**

6) Ander programme (Rybewyse, lewensvaardighede,geestelike blootstelling en versorging, ens)
Fondse sal van ander donateurs bekom word.

7) Administratiewe, oorhoofse kostes en personeel
Fondse sal van ander donateurs bekom word.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)
Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Implementeerders : Ring van Port Elizabeth

AoHCD , die nuut gestigde nie winsgewende organisasie sal die implementeerders wees Gemeentelede (Oud en jonk) van Anchor of Hope, Walmer, Kensington, PE Oos, Park Heuwel, PE De Duin, PE Hoogland, Somerstrand en Klema sal die organisasie op vrywillige basis bystaan en behulpsaam wees.

Die Bestuur sal bygestaan word deur vrywillige personeellede bestaande uit

- AET Koordineerder
- Engelse Fasiliteerder
- Rekenaar Opleier
- Rybewys Koordineerder
- Lewensvaardigheidskoordineerder

Bestuur en Personeel sal afsonderlik maandeliks vergader en gesamentlik elke 3 maande. Terugvoer sal elke 6 maande aan die Ringsgemeentes gegee word dmv 'n "slide" of 2 wat leraars tydens eredienste kan flits.

Begunstigdes (teikengroep)
Inwoners van Sentraal, Richmond Hill en omgewing - almal, ongeag taal of herkoms wat die Here oor ons pad stuur - die wat die Here ken maar veral die wat Hom nie ken nie. Veral die vreemdes, armes, gemarganaliseerdes, ongeskooldes, veral vroue (die moeders van die volgende geslag). Baie van die mense is jong mense. (staats definisie – 20 tot 35 jariges).

Dienswerkers
Daar word verwag dat ook die personeel en vrywilliges bemagtig sal word in die proses deur amptelike opleiding, deur ondervinding wat hulle sal opdoen met die aanbied van klasse, en deur kruiskultureel te werk. Dit is ook so dat vrywilliges in diens van die Here dikwels baie seën of geestelike groei ervaar. Hierdie ondervinding kan ook terug geploeg word in die dienswerker se eie gemeente.

Lokaliteit
Die projek sal bedryf word van uit die kerk gebou van Anchor of Hope. Daar word nie op die oomblik beplan om huur aan die gemeente te betaal nie. Maar operasionele kostes sal wel gedek moet word (bv elektrisiteitskostes)

Voordele vir Anchor of Hope

- Die gemeente sal bekend begin staan as ’n plek waar mense met onderrig gehelp kan word en sal ook nie-gelowiges lok.
- Die gemeente sal die geleentheid hê om nie-gelowiges in te nooi
- Bied geleentheid vir gemeentelede om binne veilige ruimte geestelike gesprekke met mense te voer wat dalk andersins onbereikbaar is.
- Die gemeente getalle sal groei.

Voordele vir die Ring van Port Elizabeth

- Gemeentes word die geleentheid gebied om kruiskultureel uit te reik binne na mense van alle nasies binne ’n beskermde en veilige omgewing.
- Ondervinding wat opgedoen word kan van onskatbare waarde wees binne eie gemeentes
- Vrywilliges van alle ouderdomme van alle Ringsgemeentes kan saamwerk
- Gemeentes kan ook hierdie lokaal gebruik om ongeletterdes in hul eie midde, bv huishulpe die geleentheid te bied om te leer lees en skryf of hul skool kwalifikasie te voltooi.
- Rekenaar”ongeletterde” gemeentelede bv bejaardes (wie se kinders oorsee is) wat graag wil leer om die internet te gebruik om met die kinders te kommunikeer kan inskryf vir die rekenaar kursusse. Selfs hierdie tipe verbindtenis met Anchor of Hope maak mense betrokke en hul harte oop vir ander.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases m.b.t Sinodale aansoek	**Tydsverloop**
AET • Adverteer geleentheid vir onderrig • Werf fasiliteerders van uit gemeentes, reel interne opleiding • Program	 Deurlopend Deurlopend Gemiddeld 5 maande per vak per vlak = 10 maande per jaar
Engels : • Adverteer geleentheid • Program	 Deurlopend 10 maande
Rekenaar programme • Bepaal belangstelling - persone met Gr 10 – 12 kwalilfikasie • Bied kursusse aan	 Deurlopend 3 – 6 maande
Praktiese hulp : • Werf Vrywilliges om 1 x per week te help met CVs, werkaansoeke en voorbereiding vir onderhoude • Bemanning van HUB –(Fotostaat masjien, internet gebruik, ens)	 1 x per week. Daagliks
Bemarking • Kennisgewing board , brosjures, besigheidskaartjies • Plakkate • Vrywillige / Donateurs terugvoering	 Maand 1 – 3 Soos benodig 1 x per jaar.
Evaluering van projek	6 maandeliks
Voorbereiding van aansoeke vir befondsing van NPO.	Deurlopend sodra NPO geregistreerd is

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Gillie Noeth	Anchor of Hope
Desmond Moore	Anchor of Hope
Marinda Noeth	Anchor of Hope
Ilse Terblanche	Klema
Liesel du Plessis	Hoogland
Danie Mouton	Sinode (ex officio)
Tommie van der Mescht	Hoogland (ex officio)

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Geen	NVT

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nie van Toepassing

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Sinode begroot vir 2013	R37 210
Bydrae van leerders begroot vir 2013	R14 650
Mergon 2013	R50 000
Ander donateurs vir 2013	R53 950
Ander Privaat Donasies vir 2013	R 6 000
TOTAAL:	**R162 060**

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
Toerusting administratief	
Finansiering sal van ander donateurs verkry word	
Elektrisiteit, water, telefoon, fotostate, skryfbehoeftes	**R29 100**
Rekenaar onderhoud	**R 3 000**

Personeel - **Finansiering sal van ander donateurs verkry word** 20 uur per maand vir admin dame		**R14 400**
Programme		
AET (Vlak 1 – 4) **Sinodale aansoek** Opleiding van fasiliteerder Fasiliteerders handboeke 4 @ R 500 Media Works Assessering 15 x R35 Werkboeke vir 12 studente (Vlak 1 & 2 = 12 x R155) Werkboeke vir 3 studente (Vlak 3 & 4 = 3 x R750) Kwartaalikse monitering (4 x R375) Registrasie as eksamenlokaal IEB eksamen Registrasie vir 3 vlak 4 leerders (3 x R270) **Addisionele kostes om van ander donateurs te kry** Opleiding van fasiliteerder Media Works Assessering 10 x R35 Werkboeke vir 10 studente (Vlak 3 & 4 = 10 x R750)		**R11 410** *R 1 750* *R 2 000* *R 525* *R 1 860* *R 2 250* *R 1 500* *R 715* *R 810* **R9 600** *R1 750* *R 350* *R7 500*
Engels **Sinodale aansoek** Engelse klasse (bestaande groep van 16 + 10) **Addisionele kostes om van ander donateurs te kry** Lees klasse vir AET leerders en gemeenteleerlinge Engelse Christelike opvoering deur Engelse Klas vir gemeente		**R1 000** **R4 000** *R3 000* *R1 000*
Rekenaar Opleiding **Sinodale aansoek -** 15 studente **Finansiering sal van ander donateurs verkry word -** 15 studente		**R19 800** **R19 800**
Rybewyse **Finansiering sal van ander donateurs verkry word**		**R13 750**
Lewensvaardighede **Finansiering sal van ander donateurs verkry word** 40 deelnemers		**R13 950**
Bemarking **Sinodale aansoek** Terugvoer geleentheid (30 persone x R50 per kop) Plakkate, brosjure, besigheidskaartjies Kennisgewing bord by kerk		**R5 250** *R1 500* *R1 250* *R2 500*
Koffiekuiers **Finansiering sal van ander donateurs verkry word** Geestelike blootstelling		**R2 000**
Contingency **Finansiering sal van ander donateurs verkry word**		**R15 000**
TOTAAL		**R162 060**
Sinodale aansoek	*Subtotaal*	*R37 460*
Finansiering uit ander bronne	*Subtotaal*	*R124 600*

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R162 050
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	R124 600
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	**R 37 460**

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
Met projek goedkeuring	18 730
Maand 5	18 730

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Anchor of Hope Community Development

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf